PSALM 4 : U alleen laat my veilig woon

Vir die koorleier met snarespel. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Revenge moy, prens la querele* (Psalm 43) –
Pierre Certon, Parys 1546; Genève 1551; ritmies aangepas 1976

Refrein



Voorg: O God wat aan my reg verskaf, antwoord my as ek roep.
Toe ek in die nood was, het U my bevry.
Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!
Refrein: Heer, luister nou na my.
Voorg: Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense,
Mans: gaan julle valsheid liefhê
Vroue: en voorkeur gee aan leuens?
Voorg: As jy ontsteld raak, moenie sondig nie;
dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby!
Refrein: Heer, luister nou na my.
Voorg: Daar is baie wat sê: "Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?"
Almal: Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons!
Voorg: U het my reeds groter vreugde laat belewe
as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.
Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak,
Almal: want, Here, U alleen laat my veilig woon.
Refrein: Heer, luister nou na my.